Geregistreer aan die H.P.K. as 'n Nuusblad.

ONDERSTEUN
die vooraanstaande
MANSUITRUSTERS
WELGEMOED & Kie.
h/v Pretorius- en v. d. Waltstr.
PRETORIA

# Die O.B.

O.B.-SKRYFBLOKKE
met 2 pakkies bypassende koeverte.
DIE BESTE GEHALTE VOOR-OORLOGSE PAPIER.
3/6 posvry.
KONTANT MET BESTELLING.
Bestel deur:
Gebiedshoofkwartier
Kamer 603, Groote Kerkgebou,
KAAPSTAD.

DERDE JAARGANG. WOENSDAG, 17 MEI 1944. No. 26.

# Vyfduisend Bring Hulde Aan Gevangenes

## O.B. Gaan Stryd om Mag Ook Wen Sê Dr. Hans van Rensburg

**'n Skitterende byeenkoms wat herinner aan die reuse O.B.-sametrekkings op die Rand voordat die venyn van 'n Party-pers oor ons Volksbeweging losgebars het, het op 6 Mei ons Kommandant-generaal, dr. Hans van Rensburg, te beurt geval toe hy 'n Noodhulpfunksie op die Rand toegespreek het.**

**Alberton, een van die Afrikaner-voorstede van die Rand, is met hierdie geleentheid weer deeglik bewus gemaak van die vuur en gloed van die voortmarsjerende Ossewabrandwag. 'n Indrukwekkende optog van sowat 500 Boereseuns en -dogters en lede van die Wagafdeling, met 12 O.B.-vlae in die vorm van 'n spiespunt vooraan, en op maat van die tamboerslae en trompetgeskal van die Boerejeugorkes van die Verre-Oos-Rand onder leiding van komdt. Kapp, het die K.G. in die dorp gaan ontmoet en hom al marsjerende deur die strate na die Feeskoppie buite die dorp begelei.**

**Hier is dr. Van Rensburg ingewag deur 'n skare van etlike duisende wat teen die aandure tot meer as 5,000 aangegroei het.**

Vergesel deur 'n lyfwag van ses Boereseuntjies het die K.G. na die verhoog gestap om die saluut te neem van die verby-marsjerende Boerejeug- en Wagafdelings.

Na afloop van die saluut-parade is die K.G. na die Hoofkwartier-tent geneem waar hy voorgestel is aan 'n groot aantal afhanklikes van geïnterneerdes en gevange kamerade. Hy kon die moeders en vroue elkeen 'n handdruk gee en 'n woordjie met hulle wissel.

Deur die ywer van die vroue en die [illegible]nd van die mans is die mooi bedrag van £251-7-3 reeds by die Noodhulpfonds inbetaal. Hierdie opbrengs sal nog verder styg aangesien daar nog bedrae uitstaande is.

Generale K. Malan het met die openings-verrigtings voorgesit en genl. Du Toit, van Springs het met gebed geopen.

Saam met die Kommandant-generaal en die offisier-in-bevel van die vergadering, hoofgenl. G. Puren, het die aand op die verhoog plaasgeneem tante Van Blerk, moeder van Hendrik van Blerk, en mev. Visser, eggenote van Julian Visser, die twee jong Afrikaners wat onder die skadu van die galg gestaan het, asook mev. Jensen, die moeder van Alex Jensen wat onlangs deur 'n lid van die Cape Corps in die interneringskamp Andalusia doodgeskiet is.

Met bewoë stem het dr. Van Rensburg verklaar: ,,Op die verhoog is vanaand verteenwoordig die moeders en dogters van ons volk wat weens die eise van die stryd 'n smart in hul harte moet dra''. Hy het aangekondig dat die volgende dag (Sondag) die verjaardag sou wees van Julian Visser, en mev. Visser gevra om daardie dag die groete, respek, liefde en gelukwensing van die vergadering aan Julian oor te dra.

Die K.G. het voorts die respekvolle simpatie van die duisende Afrikaners binne die O.B. oorgedra aan mnr. en mev. Jensen wie se seun op so 'n tragiese wyse deur 'n lid van die Cape Corps doodgeskiet is. Alex Jensen is die seun van 'n Duitse vader en 'n Afrikanermoeder.

Hoewel ons nie glo aan beloftes nie wil ek tog vanaand namens die O.B. hierdie belofte maak. ,,Wanneer ons aan bewind kom en die manne uit die kampe en tronke kom, sal hulle buite die kamphekke en tronkdeure ingewag word deur die bes afgerigte erewag wat hierdie land nog geken het. Hulle sal met volle eerbetuiging uitkom,'' het die K.G. onder toejuiging verklaar. ,,U sal ook wagte sien vir die klomp wat ingaan'. '(Verdere toej.)

**,,Laat my toe om u te prys. U gaan wen. U het reeds gewen. In die afgelope drie jaar was ek feitlik onafgebroke op pad en ek kan dus die O.B. beter beoordeel. U weet nie hoe goed en selfloos u in hierdie stryd was nie. Die klompie dapper Boerestryders in die Engelse oorlog het nie besef watter historiese taak hulle verrig het nie. Net so besef u ook nie vandag hoe heldhaftig u vir vier jaar lank gestry het nie. (Toejuging.)**

,,Vir drie jaar was daar 'n dik kors oor die O.B. Sy vyande wou hom òf doodswyg òf doodlieg. **Daardie kors is nou vinnig besig om te breek, en, snaaks genoeg, die vinnigste onder die Engelssprekendes en soldate.** Ons word nou skielik weer van verskillende kante in die pers aangeval. Jy val mos nie 'n ding aan wat jyself al as dood veroordeel het nie. Dit is maar net 'n verdere bewys van die groei van die O.B. selfs in kringe wat eers vir hom geslote was.

'n Sekere blad wil sy lesers wysmaak dat die O.B. onchristelik sou wees. **Waar is daar egter 'n sprekender bewys van waaragtige christelike nasionalisme as die Noodhulpfonds van die O.B.? In ongeveer twee jaar is meer as £40,000 deur die O.B. bestee aan die afhanklikes van die slagoffers van ons republikeinse vryheidstryd, terwyl geen ander organisasie of selfs die kerk vir hierdie mense gehelp het soos die O.B. vir hulle gehelp het nie en nog steeds help. Uit elke £10 wat deur die O.B. as organisasie hanteer word, gaan £6 vir die Noodhulpfonds.** ,,Ons sal nie toelaat dat die vrouens en kinders van ons kamerade honger ly nie. 'n Volk veg hier vir sy bestaan met sy rug teen die muur en in hierdie stryd sal die O.B. gebruik maak van enige moontlike en onmoontlike middel tot sy beskikking. Ons vyande het enige moontlike middel teen die O.B. gebruik en nou wil hulle hê ons moet ons soos 'n Sondagskool gedra terwyl hulle vir hulle soos 'n lokasie gedra.''

Dr. Van Rensburg het verwys na die begenadiging deur dr. Colin Steyn van die kindermoordenaar Smith, en dit gelaak dat dr. Steyn hom in die Volksraad probeer verontskuldig het deur te sê dat hy nie die doodstraf op die moordenaar kon toepas nie terwyl Visser en Van Blerk in verband met die opblasing van die poskantoor te Benoni begenadig is nie.

,,Verbeel u, dr. Colin Steyn plaas hierdie twee Afrikanerhelde op die selfde peil as die moordenaar van die dogtertjie'', het die K.G. onder uitroepe van ,,skande!'' laat volg en verduide-

(Vervolg op bls. 3, kol. 3)

## £2 UIT PENSIOEN VIR NOODHULPFONDS

**'n Bejaarde egpaar, mnr. en mev. Kriel, van Wilgenhoutsdrift, oor Upington, het op Vryheidsdag uit hul behoefte elk £1 bygedra tot die Noodhulpfonds. Hierdie geld het hulle opgespaar uit hul ouderdomspensioen. Mnr. en mev. Kriel is onderskeidelik 83 en 79 jaar oud, en is nog van die getrouste staatmakers in die kommando.—(Ingestuur.)**

## GEBIEDSRAAD O.V.S.

**Die Gebiedsraad van Gebied C (Vrystaat), vergader op 1 Junie, 9 vm., in Bloemfontein. Die Kommandant-generaal sal die raad toespreek. Ook skakelvroue, volksorgoffisiere en wagmajoors moet teenwoordig wees.**

- **Volgens die pers meedeel is die rekord van die Suid-Afrikaanse parlement 10 SITTINGSDAE.**
- **Die Ossewabrandwag verkies 'n rekord vir die oplossing van 109 VRAAGSTUKKE.**

## IN £60 VIR 8 AUGUSTUS

Die vrouekommando van Observatory onder leiding van hul flukse kommandante, mev. M. C. Pienaar, het op 6 Mei £60 ingevorder by geleentheid van 'n basaar met die oog op die insameling van fondse vir 8 Augustus. Dit is, na verneem word, nog maar net een van 'n reeks pogings van die kommando om van Ossewabrandwag-dag vanjaar nog 'n groter sukses te maak as verlede jaar.

Genl. J. de Vos van die Organisasiehoofkwartier het die basaar geopen, terwyl genl. P. D. Rossouw ook teenwoordig was.

ons vervaardig meubels vir u huis



om te pas
by u smaak
en omstandighede

SKRYF OM ONS AANDELEBROSJURE
EN WORD 'N AANDEELHOUER VAN

EXCELSIOR MEUBELS BPK.

HOOFKANTOOR:
De Villiersstr. 15, JOHANNESBURG. Posbus 6670—Foon 33-2171/2

EIENAARS VAN:
J. S. UNTERHALTER BPK., h/v. St. Andries- en Pretoriusstrate, PRETORIA
GOODWOOD MEUBELS BPK., Paul Krugerstr. 340, PRETORIA
L. D. PHILLIPS BPK., Pleinstraat 47—49, KAAPSTAD

TAKKE:
JOHANNESBURG, GERMISTON, KROONSTAD, BLOEMFONTEIN.

*SEKURITEIT VIR U BELEGGING*

DIE O.B., WOENSDAG, 17 MEI 1944.

# Nie Binne Nie Dog Daarteen.

Met die tussenverkiesing verlede week in Wakkerstroom het die Smutsbewind 'n venynige nederlaag gely. Volgens die uitlatings van die H.N.P.-woordvoerders het alle ontevrede groepe daar saamgespan om die regeringsparty hierdie nederlaag toe te dien, en die suksesvolle kandidaat het dan ook vooraf aangekondig dat hy dit as **'n nasionale**, en nie as 'n blote **party**-oorwinning nie, sal beskou. Alle ontevrede groepe het hier gesamentlik opgetree. Die betekenis van die uitslag kan dus nouliks hoog genoeg aangeskryf word; **oor die Smutsbewind is 'n oordeel gevel wat meer is as 'n blote profesie.**

Maar enige stryd het ook 'n positiewe strekking. Mens kan nie net afbreek en niks in die plek stel nie. Die vraag wat gestel moet word, is: watter onmiddellike voordeel kan deur hierdie oorwinning behaal word? En as ons eerlik wil wees, sal ons moet erken dat een setel of meer BINNE die parlement, waar daar op enige tydstip van die dag nie 'n helfte van die volksverteenwoordigers aanwesig is nie en in baie gevalle slegs 'n skamele dosyn uit die 153, nie veel vir ons volk beteken nie. **Die groot vyand van die soldaat, die werker, die boer en elke vryheidstryder is nie die een of ander party binne die parlementêre sfeer nie, maar die PARLEMENTÊRE STELSEL SELF.** Partye wissel mekaar af met die reëlmaat van jaargetye. In Engeland was daar in die veertig jaar van 1864 tot 1904 TIEN bewindsveranderings onder die partystelsel, d.w.s. **gemiddeld elke VIER jaar het 'n ander party aan die bewind gekom. Gaan kyk vandag na die agterbuurtes van Londen en na die landbewoners van die Britse graafskappe van wie 'n Engelsman soos senator Edgar Brookes self erken dat hul lewenspeil laer is as dié van ons plattelandse naturelle. Tien partyveranderings in veertig jaar het hierdie onderdrukte wesens nie 'n millimeter nader gebring aan 'n menswaardige lewensbestaan nie.** En die rede daarvoor? Eenvoudig omdat hul vyand nie die een of ander **party** was nie, maar die **parlementêre stelsel** waar daar geredekawel in plaas van gewerk word, waar daar geworstel word met die teenparty in plaas van met die probleem.

Kyk na ons eie land waar elke noemenswaardige party in die afgelope dertig jaar geleentheid gehad het om te deel in die bewind — die S.A.P., die Nasionale Party, die Arbeidersparty en die Dominion Party, **almal het hul beurt afsonderlik of gesamentlik gehad om in die kussings te sit.** En op watter tydstip was die gevaar van algehele ondergang groter as juis nou?

En die rede? Eenvoudig omdat dit nie die een of ander party as sodanig is wat die gevaar of die heilbrenger is nie, maar omdat die hele parlementêre stelsel die vyand van enige volksopheffing en sosiale geregtigheid is. Vernietig die stelsel wat volkslid teen volkslid opsweep in plaas van volkslid langs volkslid te laat werk. Vernietig die stelsel wat sy rekords tel met soveel en soveel honderde spreekure of soveel en soveel miljoene woorde opgeteken in Hansard, onderwyl geen rekord gehou word van hoeveel onderdane daeliks van honger sterf nie.

**Die stryd van die onderdruktes — sy dit soldaat, werker of boer — lê nie BINNE die parlementêre stelsel nie, maar TEEN die stelsel self. Laat ons hierdie waarheid onder die oë sien en die arms sterk van daardie buite- en teen parlementêre volksbeweging wat weg vir 'n algehele vernuwing van lewenswyse en lewenspeil, die enigste organisasie wat reeds sy honderde offers nie in woorde nie, dog in lydende volksgenote agter tronkmuur en doringdraad vir die nuwe wêreld gebring het, die OSSEWABRANDWAG.**

## WAARSKUWING

**O.B.-lede word gewaarsku teen sekere persone wat houtwerk en ander artikels verkoop onder die valse voorwendsel dat geïnterneerdes dit gemaak het. Dit is bedrog.**

## PRESIDENT ROOSEVELT

**Deur Prof. J. A. Wiid.**

Enige dae gelede is die nuusagentskap Sapa-United Press toegelaat om die volgende berig uit Washington wêreldkundig te maak: „Amptenare van die Amerikaanse departement van arbeid kry dit te doen met 'n toenemende aantal stakings en hulle wyt dit aan die heersende woelinge op nywerheidsgebied. In die afgelope weke was daar 'n vinnige styging in die stakingskurwe. In die eerste drie maande van 1944 was daar 1,030 stakings teenoor 653 in dieselfde tydperk van verlede jaar." Hierop volg dan 'n verduideliking: „Die amptenare het rede om besorgd te wees en verklaar dat baie van die stakings veroorsaak is deur minder belangrike griewe wat gou geskik is. Hulle meen dat veel van die woelinge toegeskryf kan word aan die senuspanning wat in oorlogstyd 'n normale verskynsel is."

Al die verskonings en verduidelikings van die wêreld kan egter niks afdoen van die feit dat 'n „vinnige styging in die stakingskurwe" vir 'n oorlogvoerende land veral 'n baie ernstige saak is nie. Stakings en onluste op nywerheidsgebied was nog nooit die produkte van 'n staat waar binnelandse vrede, geluk en voorspoed geheers het nie. In 'n land soos die oorlogvoerende Amerika, waar staatsbeheer so diep en so grondig ingegryp het in die private en openbare lewe moet hierdie staatsbeheer aan ernstige gebreke mank gaan as hy die jongste „woelinge op nywerheidsgebied en 'n vinnige styging in die stakingskurwe" nie kon keer nie en nywerheidsvrede in die „land van onbeperkte moontlikhede" nie kan verseker nie. Wat hierdie gebreke werklik is, verneem ons gewoonlik nie van Reuter nie maar uit Amerikaanse nuusblaaie en tydskrifte wat met verbysterende openhartigheid en felheid inligting oor hul staatshoof en sy administrasie verstrek.

**Beskuldigings teen Roosevelt.**

Die Amerikaanse Staatshoof is vandag geen gunsteling by die oorgrote meerderheid van die Amerikaanse nuusblaaie en tydskrifte nie. Ook die Amerikaanse Kongres (parlement) en selfs Roosevelt se eie party, die Demokratiese party, het al meermale bewyse gelewer dat hul vertroue in die President nie meer is wat dit was nie. Roosevelt se groeiende onpopulariteit in sy eie land moet in die eerste plek nie aan sy buitelandse beleid en oorlogvoering toegeskryf word nie maar aan sy binnelandse politiek. Dit moet egter steeds voor oë gehou word dat dit altyd uiters moeilik is om absolute grense tussen buitelandse en binnelandse politiek te trek.

Op die oomblik word die President in elk geval daarvan beskuldig dat hy die slegste administrateur is wat die Verenigde State vir 'n baie lang tyd gehad het. Met sy legio van beheerrade wat nie orde nie maar chaos geskep het, word die spot gedryf. Hy en sy administrasie word daarvan beskuldig dat hulle magteloos teenoor krankhede soos inflasie, ernstige pryskommelings en algemene ekonomiese ontwrigting staan. Roosevelt en sy administrasie sou ingryp waar dit nie nodig is nie en sake maar laat ontwikkel waar hy behoort in te gryp. Wat na-oorlogse maatskaplike veiligheid en algemene re-konstruksie betref, is daar baie Amerikaners wat in die Roosevelt-administrasie geen vertroue het nie.

Die President word voorts daarvan beskuldig dat hy in sy binnelandse politiek geen beleidsbeginsels het nie. Daar word in hierdie verband herinner aan sy „New Deal" en aan sy woorde in Chicago in 1932 toe hy vir die eerste keer president geword het: „I pledge you — I pledge myself — to a new deal for the American people." Vandag word die President daarvan beskuldig dat hy besig is om sy „New Deal" oor boord te werp en om selfs die naam van sy grootste bydrae tot die politieke geskiedenis van Amerika uit te wis.

Die President word verder daarvan beskuldig dat hy sy eie volk nie meer vertrou nie en dat hy by die dag geheimsinniger word. Roosevelt sou sy eie volk nie genoeg op hoogte hou wat die oorlogvoering betref nie. Belangrike oorlogsnuus sou nie openbaar gemaak word nie. Selfs Elmer Davis, die hoof van die O.W.I. (Official War Information) sou nie op hoogte van die oorlogsgebeure gehou word nie. Vandaar dat die President by sy jongste besoek aan Kaïro en Teheran wel vergesel was deur ses Filippynse koks maar nie deur Elmer Davis nie! Die regering word beskuldig dat hy aan die volk te min „feite" en te veel „propaganda" verstrek.

Die haat teen Roosevelt en sy administrasie het in 'n onlangse debat in die Amerikaanse senaat oor soldatestemme by die aanstaande verkiesing 'n hoogtepunt bereik wat selfs vir ons parlementariërs 'n openbaring sal wees. Die President en sy ministers word bestempel as 'n „gang" vir wie „lynching" in die vooruitsig gestel word. Die bejaarde senator Ellison D. Smith het o.a. die volgende gesê: „I have been here with five Presidents and a piece — and a sixth; five presidents and the thing we have got. Yes; I have. I have been here with six Presidents, and I enjoyed being a Senator until this miserable thing came along . . ." (!)

Dit is die toestand in Amerika te midde van 'n wêreldoorlog en op die vooraand van 'n presidensiële verkiesing. Die taktiek van die behendige politikus Roosevelt gedurende die volgende maande sal interessant wees indien hy, soos algemeen veronderstel word, weer as kandidaat gaan staan.

## WAARBORG AAN VOLK VAN £46,000

Die eerste vergadering van die passgestigte sprekersburo van Gebied C is op Vrydagaand, 28 April, in Bloemfontein gehou toe generaal C. L. de Jager, Gebiedsleier, 'n aantal senior studente aan die U.K.O.V.S. toegespreek het.

Genl. De Jager het o.m. beklemtoon dat minderhede oor groter deursettingsvermoë beskik as massas. In die stryd wat van dag woed, kan daar massas verkry word om na braaivleisaande te kom, dog wanneer jy ook kampe en tronke moet trotseer, is die opkoms gering. **Dit is toe te skrywe aan die natuurwet dat alle lewe nie uit 'n massa voortvloei nie, dog uit 'n kern. Later wanneer die lewe ontkiem en groei, is die massa daar om hierdie lewe te voed.** Die massa ondersteun die kern net. Dit is tog iets opvallends!

Die O.B. is gebore uit meegevoel vir sy mede-Afrikaner. Sy eed „Ek sal my mede-Afrikaner help en beskerm" is 'n geweldige teenstelling met die belofte van adv. Charles Robert Swart aan die regering: „Ek sal help" — help om sy mede-Afrikaner aan die regering uit te lewer. Hierdie eed openbaar die sterk sosiale aard van die O.B. Ek sal my mede-Afrikaner help en beskerm. Die O.B. was die eerste wat hierdie gedagte aangevoel en geuit het.

Juis daarom is die O.B. alleen die groot teenvoeter van die kommunisme. **Die waarborg wat die volk het dat die O.B. sy sosialistiese beleid gaan deurvoer, is die feit dat die O.B. die enigste organisasie of beweging in Suid-Afrika is wat getrou sy ideale uitleef. Sy eed: „Ek sal my mede-Afrikaner help" kom hy pligsgetrou na. Die O.B. is die enigste Afrikaanse organisasie wat die afhanklikes van geïnterneerdes bystaan met raad en daad. Die O.B. het reeds £46,000 uitbetaal aan afhanklikes. Ek daag enige ander Afrikaanse organisasie om soortgelyke optrede te meld.**

Die stryd wat die O.B. voer, is die voortsetting van die ou Boerestelsel. Die politieke partye daarenteen is 'n voortsetting van 'n Engelse demokratiese stelsel deur Lord Milner ingevoer. Dat hulle nie suksesvol kan wees nie, is vanselfsprekend.


*NYLSTROOM*

**VOLKSFEES**

*Vrydag en Saterdag*
*2 en 3 Junie 1944*

Kom luister na ons
**Kommandant-generaal**
**(Dr. J. F. J. van Rensburg)**
en verskeie ander belangrike sprekers

**'N BOEREFEES**
in
**'N BOEREGEES**

**BENODIG**
**Susters en Stafverpleegsters**
deur die
**VOLKSHOSPITAAL**
**ORANJEZICHT, KAAPSTAD.**

Doen aansoek met volledige besonderhede van kwalifikasies, ondervinding, ouderdom, getuigskrifte en datum waarop pligte aanvaar kan word, by DIE SEKRETARIS.

Die Volkshospitaal is 'n inrigting met Afrikaans as offisiële taal, vir betalende BLANKE PASIËNTE alleen. Salarisskaal volgens die KAAPSE PROVINSIALE ORDONNANSIE. Aanvangssalaris, insluitende toelaes: Susters £19-1-8 per maand, Stafverpleegsters £14-10-0 per maand met vrye losies en inwoning.

**DE KOCK SE GARAGES**

Foon 110 | Foon 1..
Voortrekkerstraat, | Herefordstraat,
**MIDDELBURG,** | **GROBLERSDAL,**
Transvaal. | Transvaal.

Eienaar: **D. D. DE KOCK**
Agente vir Pontiac en G.M. Vragmotors

***TOT U DIENS!***

**V.M.K. AANBEVEEL.**

Sonnige tabakblare rus in geurige ou wynvate. Onverstoord word hul ryper en ryper totdat u die volmaak geurige beleë kwaliteit van drosdy-tabak kry.

drosdy die rypste tabak bekend.



**VERLANG U**

- 'N 17 DUIM BO-ARM
- DIEP BORSKAS
- BREË SKOUERS
- STERK BENE
- 'N KRAGTIGE RUG

**Dit is alles wat my kursus aanbied**

Skryf om besonderhede aan:—

**JOHAN HEFER**
Posbus 8809
JOHANNESBURG

**OLIVIER BROS.**
MÔREMARK
NEWTOWN
JOHANNESBURG

STUUR U PRODUKTE AAN U MEDE-AFRIKANER VIR BESTE RESULTATE en ONMIDDELLIKE AFREKENING.

Posbus 5923. Foon 33-5530.


## AANBOD VAN £300

In verband met die berig in ons uitgawe van 1 Mei insake die aanbod van 'n generaalskap om £300 in die Noodhulpfonds te stort op voorwaarde dat tien ander generaalskappe dieselfde doen, tien ander £150 en die res £50 elk skenk, is ons versoek om te meld dat dit generaalskap E6 is wat die aanbod gedoen het. Die generaal is genl. A. J. Louwrens.

## KONSTITUSIONELE OPROER

Die volgende koerant-opskrifte in verband met die onlangse tussenverkiesing in Wakkerstroom spreek van die volksverdelende en demoraliserende uitwerking van die partypolitiek. Langs hierdie weg moet 'n volk glo sy eenheid bereik:

,,Sap-vergadering misluk oor Vraag van Voorsitter — Onverrigtersake Uiteen na Vyf Uur se Pret en Erns''.

,,Oproer Duur Meer as 3 Uur op Piet Retief''.

,,H.N.P. Organiseerder op Vergadering Aangerand.''


*NOU BESKIKBAAR............*

# 'N VOLK OP TREK

*of*

'N KORT GESKIEDENIS VAN DIE ONTSTAAN EN ONTWIKKELING VAN DIE OSSEWABRANDWAG

*deur*

*PROF. DR. A. J. H. VAN DER WALT.*

In die 137 bladsye van hierdie boek vind u die feite omtrent die pynlike broederstryd wat teen die O.B. ontketen is en hoe ons Volksbeweging dit oorleef het.

Prys 3/3

*Bestel dadelik van:—*

PUBLICITÈ HANDELSREKLAMEDIENS (EDMS.) BEPERK,
Posbus 4892, JOHANNESBURG.

**'N JONG AFRIKANER SKRYF AS VOLG:**

**,,Al my suksesse skryf ek toe aan die eersteklas lesings wat u Kollege aan die verskillende Helpmekaar-studente verskaf. Ook help die dosente mens baie vorentoe op die pad van sukses.''**

# MEER AS 200 KURSUSSE

**Die Helpmekaar is die enigste suiwer opvoedkundige Afrikaanse Korrespondensie-Kollege in Suid-Afrika.**

**Pos die Koepon nog vandag vir gratis besonderhede asook vir die pamflet:** ,,'N BOODSKAP AAN U.''

DIE BESTURENDE DIREKTEUR,
Helpmekaar-Korrespondensie-Kollege,
Posbus 3512, Voortrekkergebou,
JOHANNESBURG.

Stuur my asseblief besonderhede omtrent u Korrespondensie-Kursusse.

Ek stel belang in ..............................

Naam ..............................

Adres ..............................

(O.B., 17 Mei 1944.)

**Besturende Direkteur: Dr. H. G. Luttig, M.A. (S.-A.), D.Litt. et Phil. (Leiden).**

# HELPMEKAAR-KORRESPONDENSIE-KOLLEGE

VOORTREKKERGEBOU 310, HOEKSTRAAT 18,
JOHANNESBURG

POSBUS 3512 FOON 22-3512


# *Vyfduisend Bring Hulde aan Gevangenes.*

(Vervolg van bls. 1, kol. 2)

**lik dat Visser en Van Blerk 'n oortreding begaan het wat op grond van die gewone reg met drie tot ses maande tronkstraf strafbaar was, maar wat deur 'n blote noodregulasie met die dood strafbaar gemaak is.**

,,Dr. Colin Steyn moet goed verstaan, ons **protesteer** nie hierteen nie, maar ons sal hierdie deur die modder sleping van Afrikanerhelde waaragtig nooit vergeet nie. (Toej.) Julian Visser het onder die skadu van die galg sy eed teenoor sy volk gehou. Dit is een van die pynlikste en vernederendste dinge wat 'n Minister nog gedoen het om so 'n Afrikaner soos Visser met die moordenaar van 'n onskuldige dogtertjie te vergelyk.''

### TWEE MAGTE

Voortgaande het die K.G. geskets hoe die O.B. vir die eerste keer in ons politieke geskiedenis deur die Here daartoe gelei is om die hele sosialistiese dryfkrag agter die republikeinse strewe in te gooi en die republikeinse dryfkrag agter die sosialisme. **Hierdeur het die twee sterkste magte saamgespan om die Empire en die kapitalisme te vernietig.** 'n Splinternuwe gees het onder die Afrikanerdom vaardig geword, 'n gees wat nie probeer wegskram vir die dinge wat kom nie maar wat sê: **,,As die toekoms dan aan die werker en armman behoort dan sal dit 'n Afrikanertoekoms wees, want die werker en armman in ons land is die Afrikaners''. In hierdie verband doen die O.B. dit wat die vakunies nie kan doen nie, nl. om ook die platteland te laat besef dat die werker in die stad ook die stryd vir sy kinders stry.** Die Afrikanerwerker op die Rand het vandag die versekering dat as die stryd teen die kapitalisme weer losbrand, sal die O.B. op die platteland by hulle staan. **,,Ons sal dan nie vra: Waar is die sosialiste? nie, maar waar is die kapitaliste'', het die K.G. onder toejuiging gesê.**

,,Die O.B. het onder die gedurige gehamer so hard geword dat hy vandag soos 'n magneet is, wat oral vandaan die staal na hom aantrek, en net die staal.

,,Die O.B. het gelukkig ingesien dat 'n nasionalisme wat net op sentiment teer nie genoeg is nie. Jy kan nie republikeins wees en die republikeine van honger laat vergaan nie. Ook kan jy nie net fondse vir die moedertaal insamel en die moeder self van honger laat omkom nie.''

### DIE WERKER

Dr. Van Rensburg het voorts daarop gewys dat die O.B. sy arbeidsfront in die lewe geroep het onder die besef dat die toekoms aan die werker behoort. **Die vakunies moet besef dat as hulle by die volk staan, sal die volk ook by hulle staan.** Hy het die onlangse staking in die Germistonse klerefabrieke vergelyk met die Slagtersnekvoorval. Die prestige van die wit man was op die spel. Net so was die prestige van die blanke vrou en dogter in Germiston op die spel. **Dieselfde gebeur tans in Pretoria waar die vroue wat by die Munt werksaam is, daarteen beswaar maak dat naturelle die busse moet bestuur waarmee hulle na die werk gebring word. Net soos in die geval van die Germistonse vroue het hierdie vroue ook die versekering dat die O.B. by hulle staan in hul stryd. Dit is maar 'n paar voorbeelde hierdie van waar en hoe die Arbeidsfront bereid is om te veg.**

Met betrekking tot die uitwerking wat die stigting van die O.B. se Arbeidsfront reeds het, het die K.G. verwys na die uitlatings van Kommunistiese vakunieleiers **waarin erken word dat hul jarelange strewe feitlik tot mislukking gedoem is deur die ingryping van die O.B.** ,,Hulle is begaan omdat hulle weet dat die O.B. ingespring het om die werkers en werksters se liggame te red, maar met behoud van hul siele'', het die K.G. onder toejuiging uitgeroep. Hy het weer beklemtoon dat ons nie die meisies wat vôorheen by die Kommunistiese Party aangesluit het, kan verwyt nie omdat ons toe nie vir hulle iets in die plek daarvan gegee het nie.

Vandag is die O.B. daar wat vir die werker kan sê: ,,Broer, suster, julle kan jul belange uitspook binne die O.B. en met die hulp van die O.B.'' Dit is die eerste keer in ons geskiedenis dat 'n Afrikaanse organisasie dit sê. Vir die eerste keer in sy geskiedenis het die Afrikanervolk die republikeinse stukrag agter sy sosialistiese strewe ingegooi en die sosialistiese stukrag agter sy republikeinse strewe. Nou is hy onverwinlik.

**,,Die O.B. het reeds die stryd om bestaan gewen. Hy gaan die stryd om mag ook wen.** Namens die O.B. beloof ek die moeders en vroue van die kamerade wat deur die Empire se kampe en tronke gegaan het vir die vryheid van ons volk, dat ons die dag wanneer ons aan bewind kom alles in ons vermoë sal doen om te probeer vergoed vir die leed wat hulle vandag in die hitte van die stryd moet verduur.'' (Geweldige toejuiging.)

Die skare het soos een man op die been gekom en drie luide ,,Ons bring hulde'' is vir die K.G. aangehef. Dit is gevolg deur die sing van ,,Die Stem'', waarna die vergadering verdaag is.

Hoofgeneraal G. Puren, Sekretaris van die Noodhulpfonds, het die vergadering met gebed geopen en in sy welkomswoord daarop gewys dat die O.B. deur sy Noodhulpwerksaamhede daarna streef om die sosiale leer van Christus uit te leef. ,,Ek was honger en jy het my gevoed, ek was in die tronk en jy het my besoek.''

**Hy het ook daarvan melding gemaak dat terwyl die H.N.P.-kandidaat in die Wakkerstroom-tussenverkiesing die O.B.-lede bedank het vir hul samewerking in sy stryd, ,,Die Transvaler'' vir dieselfde uitgawe waarin hierdie dankbetuiging verskyn, 'n betaalde advertensie vir die Noodhulpfonds geweier het. Dieselfde uitgawe bevat egter elle-lange advertensies vir Joods-beheerde bioskope ens.''**

Net voor die K.G. aan die woord gekom het, het 'n O.B.-vrouekoor hom ,,Hou Koers' 'toegesing.

## VRYHEID VERDUIDELIK VAN O.B.-GEDAGTE

Verlede Dinsdagaand het gebiedsgeneraal dr. F. D. du T. van Zyl, waarnemende Adjunk-K.G., 'n groot gehoor in die Collingwoodsaal, Observatory, toegespreek. Die saal was gepak. Hoofkomdt. A. D. Wassenaar het die vergadering gelei, terwyl die O.B.-orkes onder leiding van komdt. S. J. Swanepoel pragtige musiek verskaf het. Genl. P. D. Rossouw was ook teenwoordig.

Genl. Van Zyl het in 'n treffende toespraak aangetoon hoe die Ossewabrandwaggedagte, wat ook dwarsdeur die wêreld posgevat het, ontstaan het as 'n reaksie teen die gelykstellingsidee van die Franse Revolusie. Dit was 'n mooi gedagte, maar in die praktyk, waar elkeen die grootste mate van vryheid toegelaat is, het dit beteken dat die swakkeres geleidelik afgedruk is deur diegene wat slimmer en gewetenloser was as hulle. Die gevolg was dat die geld- en politieke mag vandag in die hande van 'n klein kliek te lande gekom het en die breë volksmassas word uitgebuit. Die stryd van die Ossewabrandwag is om die volksmassa te bevry van daardie tirannie. Ons hou in gedagte dat die werker ook 'n siel het en dat hy geregtig is om as mens 'n waardige bestaan te voer. Hy is meer as 'n blote werkkrag. Vir hom moet daar ook wees 'n gesinslewe en deelgenootskap aan sy volk. Genl. Van Zyl het onder blyke van groot geesdrif aangetoon hoe hierdie nuwe gedagte reeds in Europa gewen het en ook besig is om in ons land die oorwinning te behaal.

## *JEUGOFFERS*

Tinatjie en Frankie Prinsloo, Roedtan, het 3s. 4d. vir die Noodhulpfonds gespaar, terwyl Martie, Hendrik en Catrientjie Smit, Roedtan, 10s. 9½d. vir die fonds bymekaar gemaak het. Hulle het elke moontlike pennie gespaar vir die kindertjies wat ly.

## *Geklassifiseerde Advertensies*

**TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:**

Handeladvertensies: 3d. per woord, minimum 6/- per plasing.

Persoonlike Advertensies: 2d. per woord en 6d. vir elke afsonderlike verereël — minimum 4/- per plasing. Advertensiegelde is streng vooruitbetaalbaar. Stuur advertensies aan Voorslag Edms. Bpk., Posbus 1411, Kaapstad.

INTEKENGELD. (Streng vooruitbetaalbaar).

Deur Kommando: 6/- per jaar, 3/- per halfjaar.

Nie deur Kommando maar direk by Voorslag Edms. Bpk.: 10/- per jaar, 5/- per halfjaar.

Adresveranderinge: 1/- per adresverandering.

### GEBOORTE

TALJAARD. — Aan Veldkt. en mev. L. C. Taljaard, 'n fris O.B.-seun op 31 Maart in die Colier Verpleeginrigting. Naas God dank aan verpleegsters.

EKSTEEN. — Aan Jan en Millie (Fourie) vroeër George, 'n fris klein sussie vir Ryna op 25 April, te Nelspruit-Kraaminrigting.

SMITH. — Aan J. Anthonie en Bertha 'n fris Boereseun op 9 Mei. Albei wel.

### PERSOONLIK

BARBICAN-ATELJEE. — U hoef nie langer te soek na Afrikaanse Fotograwe nie! Kunswerk van eersteklas gehalte, wêreldbekend. Portrette, Paspoort- en Lisensiefoto's. **Barbicangebou, Presidentstraat. Teenoor Stadsaal Johannesburg. Foon 33-6756.**

DIE EERSTE EGTE AFRIKAANSE AFSLAERSBESIGHEID.—Vendusies word enige tyd op enige plek gereël. In ons vendusie lokale word artikels ook enige tyd uit die hand verkoop. Ons is ook Eiendomsagente en reël verbande. **Afrikaanse Nasionale Afslaers en Agentskap Maatskappy (Edms.) Bpk., Santam-Gebou, Pretoria. Foon 2,1360. — Posbus 515.**

DAMES en Here Haarkapper. Permanente haargolwing. Handelaar in tabak en fantasiegoedere. Agente vir die beroemde Election-horlosies. **W. J. Grobbelaar, Kerkstraat 92, Potchefstroom. Foon 330.**

ONDERSTEUN 'n Afrikaner-firma, reeds 40 jaar tot u diens. Stuur u produkte, pluimvee en lewende hawe aan: **H. Basson, Markagentskap, Breestraat 100, Newton.**

### AFSKEIDSFUNKSIE

'n Afskeids- en verwelkomingsfunksie word gehou vir generaals Van der Merwe en De Jager, respektiewelik, op 20 Mei om 8-uur n.m. in die Ambulanssaal Cricketstraat, Bloemfontein. Almal welkom.

### BETREKKING GEVRA

JONG ongetroude Afrikaner, lid van die O.B., soek 'n betrekking as voorman op veeplaas. Vir besonderhede skryf aan: **R. Gerber, Nooitgedacht, P.K. Brandekraal.**

### TE KOOP

Raadpleeg Benadé vir die koop en verkoop van huise, plotte en plase in Bloemfontein en distrikte. Geld beskikbaar teen lae rentekoers. **J. G. Benadé, Sasbankgebou, Bloemfontein.**

OPREGTE Chantenay en Nantes Wortelsaad, 8/- per pond.

BESTE Australiese Bruin Uiesaad, 6/- per pond, gesertifiseer. Beperkte hoeveelheid; 100% suiwer. Alles K.M.B. posvry. **J. J. Spies, P.K. Schoemanshoek, Oudtshoorn.**

BESTE kwaliteit Heuningbes: 93 pond 18/6 50 pond 10/-; 25 pond 5/6. Biesie-Besems met steele 2/-. Besems vir huishoudelike gebruik 1/6 met steele. Gelewer Bushalte, Speelmanskraal, George. K.M.B. **J. P. Wagener, Klip Rivier, P.K. Speelmanskraal, George.**

DIE volgende eersteklas uiesaad: Vroeë Kaap plat geel 7/6 per pond; Australiese bruin 6/6 per pond; Spaanse bruin 6/6 per pond; Kaapse geel (strooi kleur) 6/6 per pond. Koop regstreeks van die kweker en ondersteun julle mede-Afrikaner. **Gert van Rooyen, Bus 41, Uniondale.**

DAG-OUD kuikens, Leghorns, Australorps, ook kruis van Leghorn haan en Australorp hen. Gewaarborg eersteklas ras. Almal afkomstig van Heimann en Dundarach bloedlyn. Verkrygbaar vanaf Junie teen £6 per 100 K.B.A. Bestel dadelik: **H. R. Malan, P.K. Kerstfontein, Paarl. Telefoneer 6203.**

GOED gebaalde tweede-graad lucern teen 5/-. Lucern gemeng met helfte gras, gesny op lucern-lande. 4/3. Alles per 100 lb. Min 5% vir bestellings van 6 ton en meer. Bestel van **J. H. Stiemie, Bus 46, Kirkwood.**

KOOP DIREK VAN DIE BOER. — Kaapse geel of strooi uiesaad teen 5/6 per pond en Australiese bruin teen 6/- per pond. Goedgekeur volgens Goewernements Sertifikaat No. 0670 en gesertifiseer as gesond, vry, goed en skoon. Ook lusernsaad, gesond en mooi teen £7-7-6 per 203 pond. Uiebolle, Australiese bruin en Kaapse geel teen 14/6 per mud. Kontant met bestelling. **D. M. v. d. Walt, P.K. De Rust, Dist. Oudtshoorn.**

Uitgegee deur Voorslag (Edms.) Beperk, Kamer 703 Groote Kerkgebou, Adderleystraat, Kaapstad, en gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery, Die Laan, Stellenbosch.

### TE KOOP

KAROOMIS. — Gemaal met hamermeul, los in trokke; 10 ton teen 29/- per ton; 100 ton en meer 26/6 per ton. Nie minder dan 10 ton bestellings. In koper se sakke 28/- per ton; 50 ton en meer 26/- per ton. K.M.B., V.O.S. — **G. J. C. v. d. Vyver, Nelskraal, P.K. Sheldon.**

MISSTOWWE. — Ons bied aan gemaalde Karoomis teen 42/6 per ton, gelewer Uniestasies. 50-50 mengsel teen 55/- per ton, gelewer Unie-stasies. Ganna loogas vir soutlek. Die beste soutlek teen geilsiek en haarwurm teen 20/- per sak, V.O.S. ons laaistasies. Kontant met bestelling aan **Nasionale Kaap Misstowwe, Posbus 27, Langlaagte, Tvl.**

MEUBELS. — Besoek of skryf aan die saak waar u waarde, diens en tevredenheid kry. **Petra-Meubels Bpk, Sentraalstraat 220, Pretoria. Posbus 1356. Foon 2-0194.**

OPREGGETEELDE Friesland bulletjies. Vader Effatha Walter No. 15602/12, 2de pryswenner 1943, 1944 teen Kampioen-bul; uit Bakenskraal Nico Arend No. 11152/8, Kampioen, by Hugenoot Witster No. 19622/11, Kampioen, melk 18,000 pond in 300 dae, by 1ste Pryswenner 8 gelling koeie, Robertson tentoonstelling. **A S. Zeeman, Goudmyn, Robertson.**

TEEN billike pryse, Spaiders, Kap-karre, Veerwaentjie met Kap, Kerfmasjiene, Lusern-snymasjiene, Lusern „Cultivators,'' een Ransomes 3-voor Trekker-Skottelploeg. Almal in goeie orde. **G. Kleyn, P.K. Le Roux-stasie.**

VANS CONCRETE PRODUCTS. — Terazzo, Kombuis- en handwasbakke, baddens, septiese tenks, pilare, vloerteëls, voertrôe. Enigiets in beton. Direkteure: **P. W. en P. G. van Heerden, Potgieterstraat 258, Pretoria.**

VARKE. — Large Black soggies en beertjies, 4 maande oud. Vader geregistreer Benmorebloed, moeder volbloed. Prys £5-5-0. Vader, moeder en kleintjies 1ste prys wenners asook Conradie- en de Wet-beker wenners. Gelewer Klaasvoogds. **A. S. Zeeman, Goudmyn, Robertson.**

### SPINWIELE TE KOOP

SPINWIELE: sonder die „winder'' £5-10-0; met die „winder'' £6-10-0 k.b.a. **T. B. Neser, Pk. Rodenbeck, oor Bloemfontein.**

**HERHOLDT SE BOOMKWEKERYE, Posbus 660, — Johannesburg.**

Pluk u eie vrugte vars uit u tuin van Herholdt se beroemde Vrugtebome. Alle soorte vroeg tot laat. Perskes, Appels, Pruime, Pere, Moerbei, Vye, Koejawels, ens. Aanvraag groot, bestel sonder versuim. Palms, Sierbome, Struike, Heiningbome altyd in voorraad. Skryf vir Pryslys. (a)

## DIREK VAN FABRIEK AAN BOER

Kapkartuie £10, Swaar £13-10-0; Enkel Kartuig £8-15-0; Muiltuie £15; Donkietuie £7-10-0; Kartooms 16/6; Rytooms vir Perde 13/6; Tooms vir Donkies 6/6; Ligte Halters 6/-; Swaar 9/6; Saals kompleet £5; Borsplate vir Donkies (lig) 6/-; Swaar 9/6; Borsplate vir Voormuile £1-6-0; Agter £1-8-6.

**K.M.B.** Bestellings word uitgevoer in volgorde van ontvangs. Tevredenheid gewaarborg.

Geen **K.B.A** aflewering.

**Volkskoper Mark Beperk, Wolhuterstraat 62, Newtown, JOHANNESBURG.**

## P. A. WILKEN

MAKELAAR, VENDUAFSLAER

BOEDELBEREDDERAAR

Hoofkantoor: Spoorbondkasgebou,
DE VILLIERSSTRAAT 15, JOHANNESBURG.
(Telefoon: 33-1706 en 33-0138)

Takkantore:

RANDFONTEIN, Hoofstraat 19. Foon 071250.
POTCHEFSTROOM, Kerkstraat 57. Foon 187.

## MARKAGENTSKAP VROEË MÔRE-MARK KAAPSTAD

BETALING GESKIED ONMIDDELLIK, WEEKLIKS, MAANDELIKS OF SOOS VERLANG.

BESTE HEERSENDE PRYSE.

*MINNAAR & VAN SCHOOR*

Eienaar: GUSTAV RETIEF.

Telefoon 2-0212.

## 'N NAAM — HOEKOM ?

Onder die **vier** kolomme vol venyn waarmee die jongste Kruithoring, „strydblad'' van die H.N.P., die Ossewabrandwag aanval, kom die volgende uitdaging voor: „Die O.B.-blad weier om ons teregwysing te publiseer. Hulle weier om eens die naam van Louis Nel te noem. Hoekom?''

In sy onverbiddelike stryd om die voortbestaan van die Afrikanervolk laat die Ossewabrandwag hom nie terughou nie deur nòg die gifblasery van 'n partypolitieke blaadjie nòg enige ander struikelblok wat die vyand hom in die weg probeer lê. Uit peïteit vir die dood sou ONS verkies om te swyg oor 'n gestorwene, maar aangesien Die Kruithoring nou te ver gaan, sal ons die naam van Louis Nel noem — op rekening van genoemde „strydblad'' wat dit van ons eis. Ons weet nie wat hy van ons verlang nie, maar ons kan hom ter insage aanbeveel wat dr. Colin Steyn in die parlement verklaar het op die dag toe adv. C. R. Swart sy hulp vir die politieke speurdiens aangebied het. Die Minister het gesê: **„Kyk maar wat het gebeur met Lotter en Nel wat inligting aan die staat verskaf het.''** (Die Burger, 10 Feb. 1944). Indien Die Kruithoring meer omtrent die geval wil weet, kan hy dit van adv. Swart vra. Dr. Steyn het onderneem om hom alle inligting te gee met die oog op sy lojale aanbod.

## PROF. DU PLESSIS LIG VRYSTATERS VOOR

Op 15 en 17 April het prof. L. J. du Plessis, studieleier van die O.B., op Brandfort, Verkeerdevlei, Excelsior, Clocolan, Winburg en Theunissen vergaderings toegespreek, wat goed bygewoon was, ook deur nie-lede.

Hoofgenl. M. P. Wessels het prof. Du Plessis vergesel tot op Clocolan vanwaar genl. P. J. Hendrikz hom begelei het tot op Theunissen. Die betrokke kommando's was vir vervoer van plek tot plek verantwoordelik en op geen plek moes prof. Du Plessis gewag het nie.

Die spreker het beleidsake behandel wat deurgaans buitengewone belangstelling gewek het.

Geleentheid vir vrae was op elke plek gegee en waar vrae gestel is, is dit tot bevrediging van almal beantwoord.

## *VERJAARDAGKETTING*

**18 Mei:** Betsie Coetzee, Rustenburg; Hester Mans, Upington; Gawie Louw, Daljosaphat; André Hauptfleisch, Franschhoek; Maria van Niekerk Brink, Springbok.

**19 Mei:** Charles Barnard, George; Pieter Kitshoff, Vlottenburg-stasie; Krisjan Dempers, Paarl.

**20 Mei:** Andries Boshoff, George; Theodor Boltman, Paarl; Isabella Westenraad, George; Naomi Westenraad, George; Martha C. C. Britz, Pietersburg; Susanna E. Jansen, Louis Trichardt; Paul Zietsman, Johnson; Ockert du Toit; Kirkwood; Pieter W. Olwagen, Potgietersrust; Johanne van Rensburg, Parow; Janetta H. Myburg, Aughrabies.

**21 Mei:** Arnoldus Landman, Port Elizabeth; Anna Roos, George; Leonie Wagener, Kirkwood; Leonie Lutter, Paarl; Willem Hopkins, Stellenbosch.

**22 Mei:** Elinor Cilliers, Plumstead; Pieter C. Brits, Fraserburg-Weg; Danie Terblanch, Bellville; Fredrika A. du Toit, Fouriesburg; Dorothea L. Labuschagne, Groot-Marico.

**23 Mei:** Christie Liebenberg, N. Paarl, Philippus J. du Plessis, Merweville; Mercia Geldenhuyse, Sutherland; Gert I. Marais, Humansdorp; Daniel G. van Wyk, Fraserburg; Koos v. d. Westhuizen, Loxton.

**24 Mei:** Hendrina Theron, George; Elsabe Classens, Rondebosch; Johannes M. C. de Wet, Aughrabies.

**ROMMELVERWERKING:**

● Die agterpant van 'n manshemp kan in 'n voorskoot verander word. Ryg in en stik band op. 'n Borsstukkie kan ook aangeheg word.

## W. VOIGT (Eiens.) Ppk

Fabrikante van

Kelder- en Besproeiingsmasjinerie.

Bus 10, .. HUGENOOT, K.P

## *PLUIMVEE*

Die Beste Firma om u PLUIMVEE, EIERS en ander PRODUKTE aan te stuur is:

C. M. ELOFF EN KIE.
(Edms.) Beperk
MÔREMARK (Posbus 7185) NEWTON

## SASBANK

*Verrig Volksdiens !*

Lenings vir gesalarieerde persone verkrygbaar.

*Terme uiters billik.*

RAADPLEEG SASBANK

PAARL:— Posbus 266.
WORCESTER:— Posbus 57.
KAAPSTAD:— Posbus 2387.

## DIE NUUTSTE IN DAMES-FELT-HOEDE en WINTERJASSE

by

Steyns

PAROW

DIE MODERNE DAMESMODISTE.

*Pas verskyn!*

## INLEIDING TOT DIE EKONOMIE

deur prof. dr. C. G. W. Schumann en dr. D. G. Franzsen
albei van die Universiteit van Stellenbosch.

Grootte: 8½ dm. x 5½ dm, 600 blss., 49 tabelle, 36 diagramme. Linneband.

Prys 19/6. Posgeld 1/- ekstra.

Dit is die eerste handboek oor die ekonomie wat in Afrikaans verskyn. Hier het u 'n baanbrekende werk waarin die hele onderwerp, op Afrikaanse lees geskoei, saaklik en wetenskaplik behandel word.

Vir elke Afrikaner, hetsy sakeman, prokureur, boer of student is hierdie werk van onskatbare waarde.

Stuur u bestelling met tjek of poswissel aan

**Pro Ecclesia-Drukkery**
Posbus 28 - - - - - Stellenbosch.

